191. A. 1 (17)

DR. T. E. DÖNGES

ONS NUWE KANSELIER

(Deur die Rektor, Prof. H.B. Thom)

Enkele maande gelede het die Konvokasie van die Universiteit van Stellenbosch dr. T.E. Dönges as ons nuwe Kanselier aangewys. Hiermee is tot die hoogste amp in die Universiteit geroep 'n man wat reeds op verskillende gebiede in ons land op uitnemende wyse gepresteer het.

Deur die volle en vrugbare lewe van dr. Dönges tot nou toe, loop daar drie hoofrigtinge van belangstelling en arbeid: die regterlike, die staatkundige en die kulturele.

Dr. Dönges, wat in die Transvaal, meer bepaald in Klerksdorp, gebore is, het gedurende die jare 1916 - 1919 aan die Universiteit van Stellenbosch gestudeer, waar hy eers die graad B.A., en daarna die graad M.A. in die Wysbegeerte, verwerf het. In 1920, toe hy Registrateur van Regter-president Sir Etienne de Villiers in Bloemfontein geword het, het hy met sy studie in die Regte begin. Hy het sy regstudies in Londen gaan voortsit, waar hy die LL.B.-graad behaal het, en ook die eksamen van die Council of Legal Education van Middle Temple geslaag het. Aan die London School of Economics het hy vervolgens vir die LL.D. begin werk, welke graad hy later, ná sy terugkeer in Suid-Afrika, verwerf het.

Kort na sy terugkeer uit Londen is hy tot die balie in Pretoria toegelaat, en enkele jare later ook tot die Kaapse balie. Weldra het hy vrugbare werk as regsadviseur vir die Kaapse Provinsiale Administrasie gedoen, en terselfdertyd as advokaat vinnige opgang gemaak, soos o.a. bewys word deur die feit dat hy in 1939 K.C. geword het. Inmiddels het hy die teoretiese en prinsipiële sye van sy werk ook nie vergeet nie, want ons tref hom as deeltydse lektor in die Regte op Stellenbosch aan, terwyl hy ook belangrike geskrifte op sy vakgebied lewer.

Die tweede groot rigting in dr. Dönges se lewe, die staatkundige, het ook vroeg reeds begin ontplooi. Kort na sy terugkeer uit Londen het hy Assistent-Hoofredaktuer van

Die Burger geword, en terselfdertyd opgetree as redakteur van The South African Nation. In 1938 was hy vir die eerste keer kandidaat vir die Volksraad, en wel in die kiesafdeling Hoopstad. Van 1941 tot 1948 verteenwoordig hy die kiesafdeling Fauresmith in die Volksraad, en in 1948, na 'n harde verkiesingstryd in Worcester, het hy hierdie setel verower. Na hierdie verkiesing het hom die onderskeiding te beurt geval om, ~~vir~~ in die regering van dr. Malan, Minister van Binnelandse Sake te word, in welke hoedanigheid hy met groot en ernstige landsprobleme te doen gekry het.

Deur al hierdie stappe op die staatkundige weg het dr. Dönges erwaring opgedoen en voorbereiding deurgemaak vir ~~veel~~ groter verantwoordelikhede wat later op sy skouers geplaas sou word. Dit het in 1953 gebeur toe hy tot hoofleier van sy Party in Kaapland gekies is, en veral in 1958 toe, in die regering van dr. Verwoerd, die hoogsbelangrike portefeultje van Finansies aan hom toevertrou is. Aldus het hy sy taak as Minister van Finansies aanvaar, en het hiermee die wel en die wee van Suid-Afrika op finansiële gebied in hoë mate in sy hande gekom.

Dan is daar die derde hoofrigting in dr. Dönges se loopbaan: In die kulturele lewe van die Afrikaner het hy 'n groot krag geword, en dit inderdaad tot vandag toe gebly.

Hy het jare lank gedien as Voorsitter van die Kaapstadse Skakelkomitee van Afrikaanse Kultuurverenigings, en hy was lid - en later ondervoorsitter - van die Uitvoerende Komitee van die F.A.K., in welke hoedanighede hy in Afrikaanse kulturele sake positiewe leiding aangegee het. Verder was hy een van die leidende persone in verband met die Ekonomiese Volkskongres van 1939, en het hy ook lid van die hoofbestuur van die Reddingsdaadbond geword. Hy is tewens tot volle lid van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns benoem, en daarbenewens het hy - wat vir Stellenbosch van groot betekenis is - sedert 1953 as lid van die Raad van die Universiteit gedien.

Kyk 'n mens na die lewensloop van dr. Dönges tot nou toe, dan val dit dus op dat hy, ooreenkomstig die voorskrifte van sy verstand en gewete, die belange van Suid-Afrika met beslistheid en oortuiging gedien het in reg-

terlike, in staatkundige en in kulturele rigting. Die Universiteit van Stellenbosch ag hom gelukkig dat 'n man van hierdie gehalte tot sy Kanselierskap geroep is.

Ons wil dr. Dönges van harte met sy verkiesing deur die Konvokasie gelukwens. Mag sy werk as Kanselier vir die Universiteit groot vrug dra, en mag dit ook vir hom en mev. Dönges persoonlik 'n bron van genoeë en vreugde wees.

**************